{Onversorgde kern aantekeninge van die liturg}

VIERDE SONDAG VAN DIE OPSTANDING
Dra mekaar se swaarkry

Tekste: Gesang 180; Filippense 1: 2 (AFR, 2022); Jesaja 65: 1-2 (AFR, 1983); Galasiërs 6: 1-10; Gesang 269: 1.
Liedere: VONKK 277: 1-3; Gesang 464: 1, 3 en 4; Geloofsbelydenis op die wysie van Gesang 464; Gesang 422: 1-3; Gesang 585: 1-3.

AANKONDIGINGS:

KLOK: Stilte en tyd vir nadenke ...

WYDING: VONKK 277 ~ U is die lig wat deur die donker skyn.

VOTUM:
Eer aan die Vader en die Seun en die Heilige Gees, soos dit was aan die begin, toe en so ook nou en van ewigheid tot ewigheid (Gesang 180).

SEËN:
Genade en vrede word aan julle geskenk deur God ons Hemelse Vader en die Here, Jesus Christus (AFR, 2022).

SANG: Gesang 464: 1, 3 en 4 > Ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes. Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind. O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles en U sorg dag na dag vir my, u Kind!

VIERDE SONDAG VAN DIE OPSTANDING
Dra mekaar se swaarkry

Tekste: Gesang 180; Filippense 1: 2 (AFR, 2022); Jesaja 65: 1-2 (AFR, 1983); Galasiërs 6: 1-10; Gesang 269: 1.
Liedere: VONKK 277: 1-3; Gesang 464: 1, 3 en 4; Geloofsbelydenis op die wysie van Gesang 464; Gesang 422: 1-3; Gesang 585: 1-3.

WIL VAN GOD: Jesaja 64: 1-12

Vir sekere soorte krisisse kan ‘n mens voorberei. Vir ander soorte krisisse kan ‘n mens nie voorberei nie. Sekerheid is die diepste oortuigings waarop ‘n mens se belewing van ‘n sinvolle lewe berus. Dink weer oor jou oortuigings en bid om ‘n verskyning van God.

[1]As U maar die hemel wou oopskeur en wou afkom sodat die berge voor U skud! [2]Kom af soos 'n vuur wat fynhoutjies laat brand, soos 'n vuur wat water laat kook. Laat u Naam só aan u vyande bekend word, laat die nasies só voor U bewe. [3]Toe U wonders gedoen het, wonders wat ons nie verwag het nie, toe U destyds afgekom het, het die berge voor U geskud. [4]Van ouds af het niemand so iets gehoor nie, het niemand so iets verneem nie, het geen oog 'n god gesien wat vir dié wat op hom vertrou, doen wat U doen nie. [5]U kom dié te hulp wat met blydskap doen wat reg is, dié wat onthou hoe U wil hê hulle moet lewe.

Tekste: Gesang 180; Filippense 1: 2 (AFR, 2022); Jesaja 65: 1-2 (AFR, 1983); Galasiërs 6: 1-10; Gesang 269: 1.
Liedere: VONKK 277: 1-3; Gesang 464: 1, 3 en 4; Geloofsbelydenis op die wysie van Gesang 464; Gesang 422: 1-3; Gesang 585: 1-3.

U was kwaad vir ons, want ons het gesondig. Ons het so lank daarmee aangehou, hoe kan ons dan nog gered word? 6Ons het almal geword soos mense wat onrein is, ons beste dade is soos vuil klere; ons is almal soos verdroogde blare, ons word deur ons sondes weggewaai soos deur 'n wind. 7Daar is niemand wat tot U om hulp roep nie, niemand wat sy krag in U soek nie. U het ons aan onsself oorgelaat, U laat ons wegkwyn deur ons sondes.

8U is ons vader, Here, ons is klei en U het ons gevorm, ons is almal die werk van u hande.

9Moet tog nie aanhou kwaad wees vir ons nie, Here, moenie ons sonde vir altyd teen ons hou nie, onthou tog ons is almal u volk. 10U heilige stad het 'n woestyn geword: Sion het 'n woestyn geword, Jerusalem is onbewoonbaar. 11Ons heilige en pragtige tempel waar ons voorouers U geloof het, is deur vuur verwoes, alles wat vir ons dierbaar was, lê in puin. 12Raak hierdie dinge

Tekste: Gesang 180; Filippense 1: 2 (AFR, 2022); Jesaja 65: 1-2 (AFR, 1983); Galasiërs 6: 1-10; Gesang 269: 1.
Liedere: VONKK 277: 1-3; Gesang 464: 1, 3 en 4; Geloofsbelydenis op die wysie van Gesang 464; Gesang 422: 1-3; Gesang 585: 1-3.

U dan nie, Here? Gaan U nie ingryp nie? Gaan U aanhou om ons te laat ly?

GELOOFSBELYDENIS: Ons sing dit staande op die wysie van Gesang 464.

PREEK:

Toe ek drie weke gelede op hierdie kansel was, het ons Goeie Vrydag gevier. Die kruisiging en dood van Jesus Christus. Vandag is dit reeds die vierde Sondag van die Opstanding. Ons gebruik hierdie tyd om die betekenis van die opstanding te vier. Die dag toe die dood gesterf het. Paulus noem dat Jesus aan Sefas verskyn het, toe aan die twaalf, daarna aan meer as 500 ander mense, daarna aan Jakobus en heel laaste aan hom, Paulus. Die Heer het opgestaan. Die Heer het waarlik opgestaan!

Nikolai Ivanovich Beukharin was ’n leier in die Russiese Kommunistiese Party, volle lid van die Politburo en redakteur van die Sowjet-koerant Pravda. In 1930 reis hy vanaf Moskou na Kiëf om ’n groot byeenkoms te gaan

toespreek oor ateïsme. Sy hoofdoel was om die Christendom te verkleineer en elke moontlike argument daarvoor in te span.

'n Uur later was sy toespraak verby en het hy opgekyk en gehoop dat hy die geloof twyfel by Christen gelowiges te sien. Daar het 'n somber stilte oor die saal gehang. Is daar enige vrae? het Nikolai geroep. 'n Doodse stilte, tot een ou man opstaan en stadig na die verhoog begin stap. Hy het langs die Kommunistiese leier gaan staan, skouer teen skouer, en die skare van links na regs deurgekyk. Uiteindelik het hy met alles in hom die antieke groetwoorde van die vroeë kerk uitgeroep. 'n Groet wat goed bekend was aan die Russiese Ortodokse Kerk. Die Here het opgestaan! Soos een mens het die skare op hul voete gekom en teruggebulder: Die Here het waarlik opgestaan!

Paulus argumenteer in sy brief aan die Galasiërs (ongeveer 50-55nC) dat 'n gelowige se lewe anders as die van die wêreld moet lyk en 'n mens sou die vraag kon

vra: Hoekom? En die antwoord is eenvoudig: Die Heer het opgestaan. Die Heer het waarlik opgestaan.

Kom ons blaai agtertoe in die brief, net voor die slot en groete van die brief en ons lees saam uit Galasiërs 6: 1-10. Ons wil leer hoe moet ‘n mens wat aan God behoort se lewe lyk. Hoe moet jou en my lewe lyk?

SKRIFLESING: Galasiërs 6: 1-10

[1]Broers, as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp. En pas op: jy kan self ook in versoeking kom. [2]Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus. [3]As iemand hom verbeel hy is iets en hy is niks, bedrieg hy homself. [4]Laat elkeen sy eie doen en late ondersoek: as dit goed is, kan hy daarop trots wees sonder om dit met dié van 'n ander te vergelyk. [5]Elkeen sal rekenskap moet gee oor wat hy gedoen het.

Tekste: Gesang 180; Filippense 1: 2 (AFR, 2022); Jesaja 65: 1-2 (AFR, 1983); Galasiërs 6: 1-10; Gesang 269: 1.
Liedere: VONKK 277: 1-3; Gesang 464: 1, 3 en 4; Geloofsbelydenis op die wysie van Gesang 464; Gesang 422: 1-3; Gesang 585: 1-3.

---

[6]Iemand wat onderrig ontvang in die woord van God, moet sy leermeester laat deel in al die goeie dinge wat hy het.

[7]Moenie julleself mislei nie: God laat nie met Hom spot nie. Wat 'n mens saai, dit sal hy ook oes. [8]Wie op die akker van sy sondige natuur saai, sal van die sondige natuur dood en verderf oes. Maar wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die ewige lewe oes. [9]Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel. [10]Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges.

PREEK:

Hierdie het een van die aangrypendste tekste vir my geword. Galasiërs is ‘n moeilike brief om te lees, daar is soveel herhaling en Paulus se argumente is dikwels baie moeilik om te verstaan. Maar hierdie gedeelte van Paulus se brief aan die gemeente is reguit en op die man af. Daar is nie onduidelikhede nie. Dit is nog steeds moeilik. Nie

meer moeilik om te verstaan nie, maar moeilik om te doen (te leef).

Op hierdie punt lees ek ook weer ons gemeente se missie:

> *Zuurfontein Gemeente streef daarna om 'n gemeenskap van gelowiges te wees waar ons mekaar liefhet, waar ons sterk staan in die geloof, waar ons mense in nood help, en waar ons volhard.*

Hoor u Paulus se woorde? Mense wat uit die opstanding leef, mense wat uit die Heilige Gees leef is ...

- 'n Gemeenskap van gelowiges
- Het mekaar lief
- Staan sterk in die geloof
- Help mense in nood
- Staan vas in die geloof.

VIERDE SONDAG VAN DIE OPSTANDING
Dra mekaar se swaarkry

Tekste: Gesang 180; Filippense 1: 2 (AFR, 2022); Jesaja 65: 1-2 (AFR, 1983); Galasiërs 6: 1-10; Gesang 269: 1.
Liedere: VONKK 277: 1-3; Gesang 464: 1, 3 en 4; Geloofsbelydenis op die wysie van Gesang 464; Gesang 422: 1-3; Gesang 585: 1-3.

Paulus is baie lief vir hierdie gemeente, ‘n gemeente wat hyself gestig het. Hy is bekommerd oor hulle. Hulle is so besig met die argumente en dinge van hulle tyd dat hulle blind geraak het vir die oproep van God. Soos ‘n omgee-ouer, praat hy mooi maar reguit met die lidmate van hierdie gemeente (met jou en my).

Paulus vra hulle vier dinge. Vier dinge wat ook vir jou en my belangrik is ...

1. Dra mekaar se swaarkry
2. Doen selfondersoek

   ~ laat jou leermeester deel in die goeie dinge wat jy het.
3. Onthou: wat jy saai sal jy maai
4. Doen aan almal goed, maar veral aan medegelowiges.

Niks hiervan was vir die lidmate (vir my en jou) nuut nie. Hulle en ons weet dit, maar leef ons dit? Onthou hierdie sal die toets wees of ons die Opstanding verstaan / of ons onder die Heilige Gees woon.

Tekste: Gesang 180; Filippense 1: 2 (AFR, 2022); Jesaja 65: 1-2 (AFR, 1983); Galasiërs 6: 1-10; Gesang 269: 1.
Liedere: VONKK 277: 1-3; Gesang 464: 1, 3 en 4; Geloofsbelydenis op die wysie van Gesang 464; Gesang 422: 1-3; Gesang 585: 1-3.

Oor die algemeen sê Paulus:

> "My liewe familie in die Here, partykeer beland iemand in een of ander sonde. As julle dit agterkom, moet julle wat in die Gees leef so iemand reghelp. Doen dit met die sagtheid van die Gees self. Maar wees versigtig. Maak seker dat jy nie self in die versoeking beland nie (AFR, 2022)."

Ons mag nie maar Gods water oor Gods akker laat loop nie. Omdat ons lief is vir mekaar moet ons mekaar reghelp. Omdat ons self ook maklik kan verkeerd doen, moet ons versigtig wees hoe ons mekaar reghelp. Ek onthou ons voorgeslagte het ons geleer: dit is nie wat ons sê nie, maar hoe ons dit sê. Dus moet en mag ons nie skroom om mekaar reg te help nie, maar ons moet dit gelowig in 'n gees van sagmoedigheid doen. Gaan dink 'n bietjie hieroor.

‘n Gelowige wat onder beheer van die Heilige Gees leef, sal help om ‘n mede gelowige se laste te dra. Laste hier is enige iets wat die lewe vir ‘n medegelowige moeilik maak. Dit kan sake wees soos siekte, emosionele probleme, werkloosheid of finansiële probleme. Ek dink die Nuwe Nuwe Testament vertaling van Stephan Joubert en Jan van der Watt sê dit so mooi: “Laai mekaar se swaarkry en probleme op julle skouers (AFR, 2022).” Op ‘n ander plek sê die Bybel: Om te gee is beter as om te ontvang.

Ek onthou dat dit ook die boodskap aan Jona was. Hou op om te kla oor alles wat jy nie het nie en alles wat so onregverdig met jou gebeur het. As jy sin en betekenis in die lewe wil vind moet jy bereid wees om op te staan en iets vir iemand anders te gaan doen.

Ons kla ook maklik dat ons alleen is, dat niemand omgee nie, dat niemand vir ons lief is nie ~ wel, is jy bereid om ander se swaarkry op jou skouers te dra? Is jy bereid om

die gemeente se swaarkry op jou skouers te dra? As jy nou JA geantwoord het ~ staan op en gaan doen iets!

Doen selfondersoek. Onthou dat dit een van ons dissiplines tydens die lydenstyd ook was. Selfondersoek: kritiese ondersoek van jouself (HAT). Die doel van selfondersoek is dat jy sal vind jy is nie sonder sonde nie ~ jy kan nie sonder die opstanding van Jesus Christus nie! Jy is ‘n begenadigde sondaar ... verlos ... gered.

In so ‘n selfondersoek wat eerlik en soms pynlik mag wees moet jy eerlik antwoord op eerlike vra soos: (i) dink ek nie miskien dat ek belangriker is as wat ek dink nie en (ii) is my doen en late werklik goed vir God? As ek vind dat ek op ‘n afdraaipad is, moet ek terugkeer na die Goeie Weg (Jesus Christus is die Weg).

Onthou wat jy saai sal jy maai. Paulus waarsku die gemeente (ons): as jy dinge van die sondige natuur saai, sal jy dood en verderf oes. As jy dinge van die Gees saai, sal jy die ewige lewe oes. Ek onthou hier ook die Engelse

gesegde: if jou live buy the sword, you will die buy the sword. Waarmee hou ons onself besig? Wat het ons die afgelope week gesaai ... op die straat, by die werk, by die skool, by die huis?

Laastens wil ons aandag gee aan Paulus se laaste opdrag: Doen goed, veral aan jou medegelowiges. Le wel: nie doen goed NET aan ander gelowiges nie ... aan almal. Die klem op medegelowiges is om die gemeente sterk te maak. Sonder ‘n sterk gemeente is daar dalk nie omgee nie.

Prof. Marva Mitchell het gesê daar bestaan ‘n Afrika gesegde: It takes a village to rise a child. Die probleem is dat hierdie gemeenskap wreed en liefdeloos geraak het. Nou sê sy: It takes a church to rise a village. God het die kerk (gemeenskap van gelowiges) as instrument in Sy hand bedoel. God werk met die wêreld deur die kerk. Daarom moet daar veral aan medegelowiges goed gedoen word. Versterk so die hand waarmee God vir die wêreld wil omgee.

Tekste: Gesang 180; Filippense 1: 2 (AFR, 2022); Jesaja 65: 1-2 (AFR, 1983); Galasiërs 6: 1-10; Gesang 269: 1.
Liedere: VONKK 277: 1-3; Gesang 464: 1, 3 en 4; Geloofsbelydenis op die wysie van Gesang 464; Gesang 422: 1-3; Gesang 585: 1-3.

Bykans 2000 jaar later kan ons ook maar luister na hierdie oproep van Paulus. Galasiërs (Zuurfonteiners) gee aandag aan die volgende:

1. Dra mekaar se swaarkry
2. Doen selfondersoek

~ laat jou leermeester deel in die goeie dinge wat jy het.

3. Onthou: wat jy saai sal jy maai
4. Doen aan almal goed, maar veral aan medegelowiges.

Amen!

SLOTSANG: Gesang 422: 1-3 > Die Heer het opgestaan. Die Heer het waarlik opgestaan.

SEENGROET:
God bly met ons, waar ons ook mag gaan. Mag sy Gees ons lei en ons heilig en ons altyd deur beveilig. God bly met ons waar ons ook mag gaan (Gesang 269: 1).

Tekste: Gesang 180; Filippense 1: 2 (AFR, 2022); Jesaja 65: 1-2 (AFR, 1983); Galasiërs 6: 1-10; Gesang 269: 1.
Liedere: VONKK 277: 1-3; Gesang 464: 1, 3 en 4; Geloofsbelydenis op die wysie van Gesang 464; Gesang 422: 1-3; Gesang 585: 1-3.

SLOTSANG: Gesang 585: 1-3 ~ O Jesus, laat my nooit vergeet.